Navrae
Enquiries R.L. AFRICA
Imibuzo

Telefoon
Telephone 021 467 2819
Ifoni

Faks
Fax 021 467 2810
Ifeksi

Verwysing 9/1/R
Reference 20021206-0019
Isalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0164/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: ADJUNK-DIREKTEURS-GENERAAL, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, ADJUNK-DIREKTEURE EN POSVLAK 5'E BY OBOS'E

KORT OPSOMMING: OBOSe mag tot 'n bedrag van R10 000 aankoop sonder verwysing na die Hoofkantoor

**ONDERWERP: HERSIENE DELEGASIES VAN DIE TENDERAAD SE BEVOEGDHEDE**

1. Die delegasies van bevoegdhede van die Provinsiale Tenderraad aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement is onlangs gewysig.

2. Daarvolgens is 'n Assistentdirekteur (of hoër rang) bevoeg om magtiging te gee vir die verkryging van goedere en dienste tot 'n bedrag van R10 000, sonder verwysing na die Direktoraat Logistieke Dienste. Die volgende organisatoriese voorwaardes word gestel:

   - Elke OBOS-direkteur moet 'n persoon (die gedelegeerde) skriftelik aanwys wat hierdie bevoegdheid by die OBOS sal hê.

   - Elke OBOS-direkteur moet ook skriftelik ten minste twee ander persone aanwys wat saam met die gedelegeerde kwotasies sal oorweeg.

3. Die volgende prosedure, wat ook in Omsendminuut LS 0006/2002 gedateer 14 Mei 2002 uiteengesit is, moet gevolg word wanneer aankope van hierdie aard gedoen word:

   - Versoeke vir die verkryging van goedere en dienste moet op behoorlik voltooide en gemagtigde (Programbestuurder) VA2 rekwisisievorm aan die degelegeerde voorgelê word.

   - Kwotasies moet skriftelik wees. Dit beteken brief of telegram of faksboodskap of e-pos.

   - Slegs die laagste kwotasie volgens spesifikasie mag aanvaar word. Anders moet die Direktoraat Logistieke Dienste genader word.

   - 'n Komitee bestaande uit minstens 3 beamptes, wat die gedelegeerde insluit, moet kwotasies oorweeg.

   - Die aanvaarding van 'n kwotasie moet, voor dit verstryk, skriftelik bevestig word.

4. Die bevoegdheid om die aankoop van goedere en dienste te magtig tot 'n maksimum bedrag van R2000, sonder kwotasies, is ook aan 'n beampte in die rang van Assistentdirekteur of hoër gedelegeer. Dit moet dieselfde persoon wees as die gedelegeerde in bostaande paragrawe.

5. OBOS-Direkteure word versoek om alle personeel van die inhoud van hierdie omsendbrief in te lig.

6. Verdere navrae oor die inhoud van hierdie omsendbrief kan gerig word aan:

| | |
|---|---|
| Mnr. R.L. Africa | Tel. : (021) 467 2819 |
| Me C.D. Paulse | Tel. : (021) 467 2812 |
| Me J.R. Sampson | Tel. : (021) 467 2813 |

**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:**
2002-12-20